IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

GAUTENG PLAASLIKE AFDELING

Saak nommer: 2019/445

Oorspronklike Saak nommer: 1982/130

In die saak van:

DIE HEROPENDE GEREGTELIKE DOODSONDERSOEK:

NEIL HUDSON AGGETT

EEDSVERKLARING VAN JOSEPH PETRUS WOENSDREGT

Ek, die ondergetekende

JOSEPH PETRUS WOENSDREGT

verklaar onder eed soos volg:

1. Ek is n' meerderjarige man gebore op 25 Januarie 1950 en is tans 70 jaar oud en woonagtig in die Wes Kaap.

2. Die feite hierin vervat is tot die beste van my kennis en wete waar en korrek, tensy die teendeel bewys word in daardie konteks.

3. Gedurende die periode 1967 tot 1990/91, was ek in diens van die Suid Afrikaanse Polisiemag.

4. Gedurende 1990/91 het ek aansoek gedoen vir mediese pensioen aangesien ek gediagnoseer was vir post traumatiese stres afwyking. Ek ontvang tans anti-depressante medikasie. Ten tyde van my diens, was ek werksaam by die Soweto Voertuigskuttak.

5. Ek is daarvan bewus dat hierdie saak beperk is tot die ondersoek na die omstandighede wat gelei het tot die dood van wyle Dr Neil Aggett in 1982, toe ek gestasioneer was by die Veiligheidstak van John Vorster Plein.

6. Ek wil dit net op rekord plaas dat die insident al amper 39 jaar terug plaasgevind het. My geheue laat my ongelukkig in die steek en kan nie meer die gebeure duidelik onthou nie, as gevolg van die verloop van tyd. Ek maak grootliks staat op die getuienis wat ek afgele het tydens die geregtelike doodsondersoek van 1982, en waarvan ek my geheue moet verfris.

7. Ek het in 1978 aangesluit by die John Vorster Veiligheidstak en is kort daarna aangestel as Lieutenant en na afhandeling van my studies. Ek was gebaseer op die 10de vloer, in kantoor 1020. Ek het die tak verlaat in 1988.

8. My pligte by die Veiligheidstak het hoofsaaklik behels die beskerming van Ministers asook terroriste verwante aktiwiteite.

9. Met die unie aktiwiteite van 1981 het ek bewus geword van die aanhouding van wyle Dr Aggett. Ek het geen interaksie met hom gehad op daardie stadium nie.

10. Op 30 Januarie 1981 was ek deur Majoor Cronwright versoek om Lt Whitehead en Adjudant Offisier Deetlefs by te staan, in die ondervraging van wyle Dr Aggett. Ek kan nie onthou of ek op daardie stadium spesifiek daarop opdrag gegee is nie.

11. Tydens die ondervraging het Lt. Whitehead, die offisier met ondervinding in unie sake, die meeste vrae aan wyle Dr Aggett gerig terwyl Dr Aggett ook aangese was om terselfde tyd die aantwoorde neer te skryf.

12. Tydens die ondervraging het beide A/O Deetlefs en myself sekere vrae aan wyle Dr Aggett gestel.

13. Ek wil dit net duidelik stel dat ek nie heeltyd teenwoordig was met die ondervraging nie. Ek het telkemale die kantoor verlaat om toilet toe te gaan of om koffie te maak. Met sekere tye het ek en Lt. Whitehead buite gestaan en die antwoorde bespreek terwyl die ondervraging aan die gang was.

14. Op een stadium kan ek onthou dat A/O Deetlefs vir Lt. Whitehead ingeroep het en hom ingelig het dat wyle Dr Aggett sekere inligting aan hom bekend gemaak. Net voor dit was A/O Deetlefs alleen in die kantoor by Dr Aggett.

15. Nadat Lt. Whitehead die verklaring gelees het, het hy 'n paar vrae aan wyle Dr Aggett gestel. Daarna het Dr Aggett in die kantoor op 'n kampbed geslaap vanaf 23h00.

16. Daarna het ons deur die verklaring gegaan ten einde die inligting daarin vervat te verifieer met ander inligting wat tot ons beskiking was by die Veiligheidstak.

17. Teen ongeveer 3h00 is wyle Dr Aggett wakker gemaak en was hy ingeboek by die sekuriteits-selle rondom 3h30, op 31 Januarie 1982.

18. Daarna het ek geen interaksie met wyle Dr Aggett gehad nie.

19. Ek is daarvan bewus dat A/O Deetlefs onlangs getuig het dat:

    19.1 beide ek en Lt. Whitehead hom ingelig het dat ons ander funksies moet bywoon en dat hy (A/O Deetlefs) alleen verder die ondervraging moes doen en dat ons later weer sou aansluit;

    19.2 het spesifiek aan Lt. Whitehead gemeld het dat wyle Dr Aggett 'n risiko vir selfmoord ingehou het.

20. Ek kan ongelukkig nie onthou dat ek op daardie aand van die 30ste Januarie (welke n Saterdagaand was), enige funksies bygewoon het nie. Ek was wel bewus daarvan dat daar gewoonlik amptelike funksies was op Vrydagaande.

21. Ek doen respekvol aan die hand dat indien ons wel 'n amptelik funksie bygewoon het, dit net vir n kort rukkie sou wees, inaggenome die feit dat ons belas was met die ondervraging van wyle Dr Aggett.

22. Ek stel dit duidelik dat ek nie teenwoordig was toe A/O Deetlefs gemeld het dat hy bekommerd was dat Dr Aggett moontlik 'n risiko vir selfmoord ingehou het nie. Ek doen respekvol aan die hand dat as dit wel die geval was, sou Lt. Whitehead my dienooreenkomstig ingelig het sou ons die nodige voorsorg daarvoor getref het.

23. Dit het verder onder my aandag gekom dat A/O Deetlefs deur Lt. Whitehead opdrag gegee was om hierdie aspeke te verswyg, en gevolglik het hy onware getuienis gelewer tydens die vorige verhoor.

24. Ek is nie deur enige iemand voorgese om my getuienis aan te pas met die eerste geregtelike doodsondersoek nie. Ek het destyds getuienis gelewer op die kennis kort na die insident en welke feite relevant was tot die verrigtinge.

DEPONENT

Aldus BEeDIG en geteken te Gansbaai op hierdie 22 dag van Januarie 2021 deur die deponent, wie verklaar het dat hy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring, dat hy dit begrip en is bindend op sy gewete beskou nadat daar aan die bepalings van Goewernentskennisgewing R1258, gedateer 21 Julie 1972, soos gewysig, voldoen is.

SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS
GANSBAAI
2021 -01- 22

KOMMISSARIS VAN EDE

NAAM: Mkhwell Anbara

ADRES: 16 main Road

GEBIED: Gansbaai

HOEDANIGHEID: Constable

TRANSKOLLISIEGIENS
GANSBAY
2021 -01- 22
MISDAAD OPKOMING
SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE